16.3 AANVULLENDE RAPPORT 2 – DEPUTATE EKUMENISITEIT – BINNELANDS

16.3 SUPPLEMENTARY REPORT 2 – DEPUTIES ECUMENICITY – INLAND

1. REFO 500 (Rapport 2, 1.2.8)	**1. REFO 500** (Report 2, 1.2.8)
1.1 *Vir kennisname*	1.1 *To be noted*
1.1.1 Die Deputate spreek hulle dank uit teenoor die NGK en die NHKA vir die hartlike samewerking in die organisasie van die feesvieringe rondom Refo 500.	1.1.1 The Deputies express their gratitude to the NGK and NHKA for the heartfelt co-operation in the organisation of the festivities around Refo 500.
1.1.2 Die drie kerkgemeenskappe (NGK, NHKA en GKSA) het die koste van die nasionale fees in Pretoria gedeel. Vir die doel het die Deputate die Administratiewe Buro versoek om R50 000 as die GKSA se bydrae tot die koste te bewillig. Die versoek is toegestaan met die voorwaarde dat die bedrag in die volgende begroting van die Deputate verreken word. Die Deputate spreek hulle dank teenoor die Administratiewe Buro uit.	1.1.2 The three church communities (NGK, NHKA, and GKSA) shared the costs of the national festival in Pretoria. For this purpose the Deputies requested the Administrative Bureau to allocate R50 000 as the GKSA's contribution to the costs. The request was granted on condition that the amount will be accounted for in the next budget of the Deputies. The Deputies express their gratitude to the Administrative Bureau.
1.1.3 Die Deputate spreek die begeerte uit dat die samewerking tussen die kerke ook op plaaslike vlak duidelik sal word, soos wat inderdaad tydens die streeksfeeste gebeur het.	1.1.3 The Deputies express the wish that the cooperation between churches will also become visible at local level, as indeed happened at the regional festivals.
2. Bilaterale gesprek: *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (Rapport 2, 3)	**2. Bilateral discussion: *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*** (Report 2, 3)
2.1 *Vir kennisname*	2.1 *To be noted*
2.1.1 Die Deputate het op 1 November 2017 bilateraal gesprek met die NHKA gevoer. Die gesprek het in goeie gesindheid plaasgevind.	2.1.1 The Deputies held bilateral discussion with the NHKA on 1 November 2017. The discussion was held in a positive attitude.
2.1.2 Die kerkgemeenskappe het ooreengekom dat 'n Kommissie aangewys word om die voortgang van die gesprek te fasiliteer. Die Kommissie sal aan die volgende sake aandag skenk: Skrifverstaan/hermeneutiek, Belydenisaangeleenthede en ander sake deur die Kommissie uitgewys.	2.1.2 The church communities agreed to appoint a Commission to facilitate the continuation of the discussion. The Commission will give attention to the following matters: Biblical Hermeneutics, matters concerning the Confession, and other matters pointed out by the Commission.
2.1.3 'n Kommissie is ook aangewys om 'n konsepdokument op te stel as ooreengekome omskrywing van bestaande ekumeniese verhoudinge tussen die kerkgemeenskappe.	2.1.3 A Commission was also appointed to draft a document as agreed description of existing ecumenical relations between the church communities.

2.1.4 Die NHKA se 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings is bespreek en die NHKA se afgevaardigdes het verduidelikende opmerkings gemaak. Hierdie gesprek sal in die nuwe termyn voortgesit word.	2.1.4 The NHKA's 2016 decision on same-sex relationships was discussed and the delegates of the NHKA made some explanatory remarks. This discussion will be continued during the new term.

Rapporteur: Ds C Aucamp *Reporter*: Rev C Aucamp